



## **HOËRSKOOL STRAND**

### **ASSESSERINGSBELEID**

#### **1. AANHEF**

Hoërskool Strand is verbind tot die bevordering van akademiese uitnemendheid by al sy leerders. Dit is noodsaaklik dat assesseringstandaarde gehandhaaf word deur middel van 'n praktiese assesseringsbeleid. Hierdie beleid word ondersteun deur gereelde vergaderings van die onderskeie vakke en departemente, konsekwente assessering en moderering van die werk wat gedoen is deur die leerders, bywoning van die WKOD-klustermodereringssessies en skakeling met ander skole.

Die doel van hierdie dokument is om duidelike riglyne vir assessering in Hoërskool Strand te stel. Dit word van opvoeders verwag om die riglyne en beginsels in hierdie dokument gestel, te volg. Elke vak se vakbeleid moet die beginsels van hierdie dokument ondersteun.

#### **2. DIE DOEL VAN ASSESSERING**

Assessering is die proses waardeur inligting versamel, ontleed en vertolk word om opvoeders te help om besluite te neem oor die vordering van hulle leerders. Assessering moet bewyse verskaf van die leerder se prestasie teenoor die standaard soos gestel in die departementele beleid.

Deur hierdie beleid poog Hoërskool Strand om die volgende te verseker:

- Effektiewe onderrig en leer te laat plaasvind.
- Deurlopende assessering en beplanning te laat plaasvind.
- Interne moderering te laat plaasvind.
- Optekening-en verslagdoeningsvereistes nagekom word en vordering van leerders gemonitor word.

#### **3. ROLSPELERS**

- Die implementering van die assesseringsbeleid word deur die hoof van akademie en akademiese komitee bestuur.
- Die assesseringsbeleid word voortdurend aangepas in ooreenstemming met die beleidsontwikkelings op Nasionale, Provinsiale en Metro-Oos Onderwysdepartement (MOOD)-vlak.
- Skoolhoof, graadleiers, vakhoofde, opvoeders, leerders en ouers/voogde

### **3.1 ROL VAN SKOOLHOOF**

- Hy is die uitvoerende beampte wat moet toesien dat daar 'n assesseringsbeleid is.
- Hy moet toesien dat die beleid jaarliks aangepas en hersien word.
- Hy is verantwoordelik dat die kurrikulum aan alle opvoeders bekend is en dat dit daagliks in die klasse gebruik word.
- Hy is verantwoordelik om toe te sien dat die SGA-vereistes in elke vak nagekom word en dat elke leerder se vordering opgeteken word.
- Alle bevordering- en progressieskedules moet deur die skoolhoof onderteken word.

### **3.2 ROL VAN GRAADLEIERS**

- Identifiseer leerders met leerprobleme wat maatskaplike- en ekonomiesverwante probleme insluit.
- Leerders moet reeds aan die einde van die eerste kwartaal geïdentifiseer word sodat daar genoegsame tyd is om die leerders te ondersteun.
- Daarna vind die proses deur die loop van die jaar plaas.
- Hou rekord op die voorgeskrewe vorm van intervensie (gesprekke, telefoonoproepe ens. met ouers, leerders en opvoeders)
- Is verantwoordelik vir die pre-progressie aan die einde van kwartale 1, 2 en 3.
- Is betrokke by bevordering en progressie van leerders

### **3.3 ROL VAN VAKHOOF**

- Sorg dat beplanning vir jaar in plek is soos voorgeskryf deur departement.
- Leerders moet 'n redelike tyd gegun word om enige taak of opdrag te voltooi.
- Hou van vakvergaderings met vakspan.
- Ondersteun vakopvoeders.
- Is verantwoordelik dat moderering op gereelde basis plaasvind – tydraamwerk by “8.13 Moderering” op bl. 23.
- Sorg dat mentorskap in vakverband plaasvind.

### **3.4 ROL VAN VAKONDERWYSER**

- Identifiseer, reeds in die eerste kwartaal, leerders met leerprobleme en verwys na graadleier en voorligter.
- Sorg dat die leerders weet watter take en projekte deur die jaar gedoen gaan word en wat die sperdatums is.
- Hou rekord van deurlopende assesseringstake (in opvoedersportefeulje), asook van die punte behaal deur die leerders.

- Dit is die vakonderwyser se verantwoordelikheid om seker te maak dat punte op meer as een plek aangeteken/gestoor word.
- Tree in gesprek met ouers tydens oueraande.

### **3.5 ROL VAN LEERDER**

- Leerders moet opdragte/huiswerk uitvoer.
- Leerders moet alle formele assesseringstake wat sy bevordering en progressie bepaal, inlewer.
- Leerders moet toesien dat hul portefeuljes of bewys van assesseringstake volledig is.
- Leerders moet te alle tye sy/haar eie werk doen.

### **3.6 ROL VAN DIE OUER OF VOOG**

- Ouers/voogde moet oueraande bywoon waartydens slaagvereistes en die belangrikheid van deurlopende assessering bespreek word.
- Hulle is verantwoordelik om in kontak met die skool te wees rakende hulle kind se akademiese vordering.
- Ouers word versoek om alle vergaderings of onderhoude soos deur die skool vereis spesifiek met verwysing na assessering, intervensie en bevordering, by te woon.
- Ouers moet leerders in die assesseringsproses ondersteun, ook deur die leerders se werk te monitor en sorg te dra dat assesseringsitems ingelewer word.

### **3.7 ROL VAN DIE BEHEERLIGGAAM**

- Evaluering van die assesseringsbeleid.
- Maak voorstelle en bring verbeteringe aan die beleid.
- Keur die beleid goed tydens 'n vergadering.

## **4. VERSAMELING EN OPTEKENING VAN DATA/UITSLAE/PRESTASIES**

### **4.1 OPTEKEN VAN PUNTE**

'n Skedule is 'n kwartaallikse opsomming/samevatting van die vordering van elke leerder in 'n spesifieke graad in 'n skool. Die skedule word gebruik om leerders se verslae/rapporte saam te stel. Die progressie- en bevorderingskedule word aan die einde van die jaar voltooi en is 'n samestelling van die leerder se prestasie van al vier kwartale. Dit sal 'n holistiese beeld van die leerder se prestasie gee. Die progressie- en bevorderingskedule moet aan die einde van die jaar aan die distrik voorsien word. Die onderwyser, skoolhoof en distriksbeampste moet die einde van die jaar se skedule teken op die datum soos deur die distrikskantoor bepaal.

Elke vakonderwyser is verantwoordelik vir die assessering en opteken van die vordering van elke leerder in sy vak asook dat die vereistes bereik is. Die onderwyser voorsien bewyse van 'n leerder

se prestasie in alle assesseringstake. Die data wat deur middel van optekeningsskaal en skedules verkry word, sal gebruik word om intervensie te verseker wat deurlopende leerdervordering sal versterk.

- Die CEMIS-bestuurder voorsien 'n leë punteblad aan elke vakonderwyser.
- Na afloop van die take/eksamen in die kwartaal word die finale punt uit 100 met die hand op die punteblad voltooi en aan die CEMIS-bestuurder terugbesorg.
- Elke vakonderwyser is self verantwoordelik om die korrekte finale punt vir die CEMIS-bestuurder te gee.
- Die finale punt moet in lyn wees met die vereistes van die kurrikulum.
- Die CEMIS-bestuurder teken die punte op CEMIS aan en besorg die getikte punteblad aan die vakonderwyser.
- Die vakonderwyser kontroleer van sy oorspronklike departementele elektroniese punteblad of die punt korrek is.
- Dié punt sal dan op die kwartaalverslag of rapport verskyn.
- Die kwartaalpunt sowel as die eksamenpunt moet op die punteblad aangedui word.
- WKOD- punteskedules moet elke kwartaal saam met die CEMIS punteblaaië aan die departement voorsien word.

#### **4.2 VOLTOOIING VAN DIE SGA-PUNTEBLAD**

- Die amptelike WKOD-punteblaaië moet vir alle vakke gebruik word.
- Die finale punt soos aangedui op die skedule is die finale punt waarop bevordering sal geskied.
- Die verslae in Maart en September sal slegs die punte wat deur middel van take en toetse behaal is, weerspieël. (Gr. 12 ontvang rapporte en dan geld die reëlings soos onderstaande.)
- Die Junie-rapport sal die punt wat in die Junie-eksamen behaal is, sowel as die SGA-punte in kwartaal 2 behaal, weerspieël.
- Die November-rapport sal die punt wat in die November-eksamen behaal is, sowel as die SGA-punte in kwartale 1, 2, 3 en 4 (jaarpunt) behaal, weerspieël.
- Punteskedules vir gr. 12 moet voor die einde van die derde kwartaal gefinaliseer wees. Leerders wat versuim het om al hulle SGA-take te voltooi, sal nie toegelaat word om die eksamen te voltooi alvorens die take nie ingelewer is nie. Hulle het geleentheid om dit voor of op die dag waarop die vak geskryf word, in te lewer.

## 5. PROGRESSIE EN BEVORDERING: SLAAGVEREISTES

### 5.1 Grade 10-12

'n Leerder moet:

- die Skoolgebaseerde Assessering voltooi (alle take, projekte, toetse, e.d.m.)
- praktiese en mondelinge assesseringstake voltooi soos die vak dit vereis
- aan die einde van die jaar aan die eksamen slaagvereistes voldoen:

40%	in 3 vakke behaal waarvan een 'n amptelike taal op Huistaal-vlak moet wees.
30%	in 3 vakke behaal, met die voorwaarde dat 'n volledige portefeulje van bewyse in die skoolgebaseerde komponent in die vak wat die leerder druij, voorgelê word.
	die Skoolgebaseerde Assessering van die SEWENDE VAK voltooi het

### 5.2 Grade 8-9

'n Leerder moet:

die Skoolgebaseerde Assessering voltooi (alle take, projekte, toetse, e.d.m.)

nege vakke aanbied en

aan die volgende bevorderingsvereistes voldoen:

50% (vlak 4)	in een van die amptelike tale op Huistaal-vlak
40% (kode 3)	in die ander amptelike taal op Eerste Addisionele Taal- vlak
40% (kode 3)	in Wiskunde
40% (kode 3)	in enige DRIE van die voorgeskrewe vakke
30% (kode 2)	in enige TWEE van die ander voorgeskrewe vakke
	die Skoolgebaseerde Assessering van die NEGENDE VAK voltooi het

### **5.3 PROMOSIE**

- Enige aanpassings van punte word deur die promosiespan gedoen.
- Individuele risiko-gevalle sal in die promosievergadering bespreek word.

## **6. BEREKENING VAN MERIETELYS EN TOP TIEN**

Die merietelys verwys na die posisie van elke leerder in die graad. Die WKOD het geen voorskrifte vir hoe elke skool sy merietelys moet bereken nie. Dit beteken dat elke skool sy eie kriteria bepaal.

### **6.1 GR. 8 EN 9**

Al die vakke word bymekaargetel en word deur die aantal vakke gedeel.

### **6.2 GR. 10 - 12**

Die skool gebruik die voorgeskrewe slaagkriteria, wat die volgende is, om die skool se merietelys te bepaal:

Huistaal (Afrikaans) plus ses beste vakke. (LO ingesluit, maar Addisionele Wiskunde uitgesluit) gedeel deur sewe.

### **6.3 GR. 12-EINDEKSAMEN**

Hoërskool Strand se gr.12-leerders se gemiddelde tot en met die September-eksamen word soos bo bereken. Die WKOD se merietelys word egter anders bereken. LO en Addisionele Wiskunde word uit die berekening weggelaat. Die finale merietelys vir die graad 12-leerders word deur die skool bereken op die WKOD se kriteria (Twee amptelike tale en vier beste vakke, LO en Addisionele Wiskunde uitgesluit). Dit kan dus gebeur dat 'n leerder se posisie op die skool en die WKOD se merietelys kan verskil.

### **6.4 TOP TIEN**

Die eerste tien leerders ongeag of hulle bo 80% (soos bo bereken) verwerf het of nie, vorm die Top Tien per graad. Leerders wat tydens enige eksamen vir 'n vak of 'n gedeelte van 'n vak afwesig was, kan nie 'n posisie op die Top Tien beklee nie hoewel die leerder 'n "gemaakte punt" vir die vak kry.

## **7. PROGRAM VAN ASSESSERING**

Vakhoofde moet die formele departementele assesseringsprogram vir elke vak vir elke graad volg. Indien daar nie so 'n program beskikbaar is nie, moet die vak dit self ontwikkel. Hierdie program moet verskeie vorme van assessering insluit soos eksamens, toetse, aanbiedings, projekte, ens. Die assesseringsprogram moet die take, punttoekenning en datums bevat. Hierdie assesseringsprogram moet aan leerders gekommunikeer word en aan die hoof van akademie by die skool beskikbaar gestel word.

Kriteria EN assesseringsvorme moet **SKRIFTELIK** aan die leerders verskaf word.

## 7.1 ASSESSERINGSPROGRAMME

Sien Addendum A

## 7.2 TYDSTOEKENNING PER FASE

### 7.2.1 GRAAD 8-9 (Senior fase)

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

### 7.2.2 GRAAD 10-12 (VOO-fase)

VAK	UUR
Taal 1 (Huistaal)	4,5
Taal 2 (Eerste Addisionele Taal)	4,5
Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid	4,5
Lewensoriëntering	2
<b>Groep B-keusevakke (3 x 4 uur)</b>	<b>12</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

## 8. BESTUUR VAN SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING

### 8.1 BEGINSSEL VAN ASSESSERING

Die beginsels waarop assessering by Hoërskool Strand berus, sluit in:

- **Deursigtigheid** – die proses moet oop en deursigtig wees vir ouers en leerders sodat alle partye bewus is van die assesseringsproses.

- **Betroubaarheid** – dieselfde opvoeder moet tot dieselfde gevolgtrekking oor die vordering van die leerder kom in soortgelyke omstandighede, en 'n ander opvoeder moet tot 'n soortgelyke gevolgtrekking kom in dieselfde omstandighede.
- **Tydigheid** – assessering moet betyds gedoen word om die onderrig en leer in die skool te ondersteun en om die nodige ondersteuning aan leerders in die skool te gee.
- **Geldigheid** – assessering moet meet soos wat die vereistes vooraf veronderstel het.
- **Regverdigheid** – assessering moet vir alle leerders dieselfde wees, sonder vooroordele of bevoordeling.

## 8.2. ASSESSERING IN DIE KLAS

Assessering in die klas moet beide formeel en informeel wees, en moet gebruik word om terugvoer aan leerders te verskaf. Dit moet ook hul leerervaring ondersteun en bevorder.

- Informele assessering/daaglikse assessering kan wees in die vorm van vrae in die klas, klastoetse en kort take in die klas, wat gedurende die periode of by die huis voltooi kan word.
- Hierdie aktiwiteite is van groot belang vir die opvoeder omdat dit tydige terugvoer aan die opvoeder, die leerder en ouers kan verskaf oor die vordering van die leerder.
- Formele assesseringstake moet ontwerp wees om inligting oor sistematiese evaluering van die leerder te verskaf. Dit moet ook die bewyse verskaf wat gebruik kan word om die leerder se prestasie te evalueer met betrekking tot die assesseringstandaarde wat vir elke spesifieke vak gestel word.
- Vir elke vak behoort 'n verskeidenheid van toepaslike aktiwiteite vir die formele assesseringstake opgestel te word. Dit kan insluit: eksamens, toetse, projekte, mondelinge voordragte, skriftelike verslae, demonstrasies, optredes, ondersoeke, praktiese werk, en kreatiewe skryfwerk.
- Van elke vakhoof word verwag om 'n assesseringsplan vir sy/haar vak op te stel, wat die volgende insluit:
  - die vorm / aard van die formele assesseringstaak;
  - die datum vir voltooiing / inlewering van taak;
  - die punttoekenning;
  - hoe die punte bydra tot die SGA-punt van die leerder;
  - watter take deel vorm van die leerder se SGA-punt / portefeulje;
  - watter opvoeder se verantwoordelikheid dit is om die taak op te stel.



### **8.2.1 Toetse**

'n Toetsrooster word volgens die skool se akademiese program opgestel en die ouers sal ook 'n kopie hiervan ontvang. Elke leerder en ouer ontvang aan die begin van die kwartaal 'n assesseringsprogram met die datums van alle take daarop aangedui.

Dit is belangrik dat die toetse op standaard moet wees en aan alle leerders 'n regverdigde kans moet bied, aangesien dit deel van hulle SGA-punt vorm. Dieselfde standaard as in die eksamen moet gehandhaaf word. Die vakhoof moet toesien dat toetse ten minste 'n week voor dit geskryf word, gemodereer word.

In kwartale 1 en 3 sal leerders in 'n vasgestelde toetsperiode aan die begin van die dag, toets skryf. In kwartaal 1 is daar twee toetsperiodes per week geskeduleer op Woensdae en Donderdae en in kwartaal 3 val die dae op Dinsdag en Donderdag. Alle toetse kan egter nie in die geskeduleerde tyd afgelê word nie en daarom sal toetse ook in klastyd geskryf word.

Die leerders mag twee toetse op 'n dag skryf, maar nie meer nie. Die eksaminator van die toets moet toesien dat daar nie 'n pouse tussen die klasse wat toets skryf, val nie, anders kan vroeë en antwoorde uitlek. As daar nie 'n dag is waarop alle groepe tussen of na 'n pouse kan skryf nie, moet TWEE toetse opgestel word.

### **8.2.2 Take**

Die assessering van formele take word deur die opvoeder self gedoen. Informele assessering kan deur leerders self geassesseer word (selfassessering, groepassessering, ens). Slegs take wat deur 'n opvoeder geassesseer is, kan deel van 'n leerder se SGA-punt vorm.

Elke leerder en ouer ontvang aan die begin van die kwartaal 'n assesseringsprogram met die datums van alle take daarop aangedui.

### **8.2.3 Eksamen**

Dit vorm deel van formele assessering en word in "Bestuur van die eksamen" uiteengesit.

## **8.3 TAAL VAN ONDERRIG**

Die Hoërskool Strand is 'n Afrikaans-medium skool wat impliseer dat alle leerders onderrig in slegs Afrikaans ontvang. Alle korrespondensie na die leerders (opdragblaaië, toetse, eksamens) en ouers (nuusbriewe, inligting) geskied slegs in Afrikaans.

## 8.4. VAKKEUSE

### 8.4.1 Gr. 8 – 12

<b>GRAAD 8</b>	<b>GRAAD 9</b>	<b>GRAAD 10-12</b>
<b>VERPLIGTE VAKKE</b>	<b>VERPLIGTE VAKKE</b>	<b>VERPLIGTE VAKKE</b>
<p>Afrikaans Huistaal</p> <p>English Home Language <b>OF</b> English First Additional Language</p>	<p>Afrikaans Huistaal</p> <p>English Home Language <b>OF</b> English First Additional Language</p>	<p>Afrikaans Huistaal</p> <p>English Home Language <b>OF</b> English First Additional Language</p> <p>Wiskunde <b>OF</b> Wiskundige Geletterdheid</p> <p>Lewensoriëntering</p>
<p>Tegnologie</p> <p>Lewensoriëntering</p> <p>Natuurwetenskappe</p> <p>Geskiedenis</p> <p>Geografie</p> <p>Rekeningkunde</p> <p>Bedryfsekonomie</p> <p>Wiskunde</p>	<p>Tegnologie</p> <p>Lewensoriëntering</p> <p>Natuurwetenskappe</p> <p>Geskiedenis</p> <p>Geografie</p> <p>Rekeningkunde</p> <p>Bedryfsekonomie</p> <p>Wiskunde</p>	<p><b>KEUSEVAKKE - DRIE VAN:</b></p> <p>Fisiese wetenskappe</p> <p>Lewenswetenskappe</p> <p>Geskiedenis</p> <p>Geografie</p> <p>Rekeningkunde</p> <p>Besigheidstudies</p> <p>Verbruikerstudies</p> <p>Visuele Kuns</p> <p>Ontwerp Kuns</p> <p>Musiek</p> <p>Rekenaartoepassingstegnologie</p> <p>Ingenieursgrafika en -ontwerp</p> <p>Toerisme</p> <p>Dramatiese Kunste</p>
		<p><b>KEUSEVAKKE -</b></p> <p><b>TWEE VAN:</b></p> <p>Kuns <b>OF</b> Musiek <b>OF</b> Drama</p> <p><b>EEN VAN:</b></p> <p>Duits Derde Taal <b>OF</b> Rekenaargeletterdheid</p>

#### **8.4.2 Vereistes vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe vir gr. 10 in 2015 en verder**

'n Leerder kan slegs Wiskunde in graad 10 neem, indien hy/sy 50% in die graad 9-eindeksamen vir Wiskunde behaal.

Indien 'n leerder Fisiese Wetenskappe wil neem, moet hy/sy ook Wiskunde aanbied.

#### **8.4.3 Ekstra vakke**

Agste vak: Duits/Addisionele Wiskunde

Vereistes:

- Verpligte klasbywoning
- Toetse/eksamen/praktiese werk soos deur assesseringsprogram bepaal
- Klasgelde word gehef

Agste vak: Inligtingstegnologie – aangebied by HHH in die middag

Vereistes:

- 'n Gemiddeld van 60% in Wiskunde graad 9
- 'n Gemiddeld van 60% in beide tale in graad 9
- Verpligte twee ure klasbywoning per week
- Vyf tot sewe ure onafhanklike werk per week
- 'n Verpligte vakfooi word gehef

#### **8.5. VAKVERANDERING IN DIE VOO-BAND**

Voor enige vakverandering kan plaasvind, moet die leerder die volgende dokumentasie na die voorligter bring:

- 'n Motiveringsbrief van leerder se ouer of voog
- Afskrif van die laaste rapport
- Skriftelike toestemming van ou en nuwe vakonderwysers.

#### **Gr.10**

- 'n Maksimum van twee vakveranderings word toegelaat.
- Vakke kan na die eerste toetsreeks verander word, d.w.s. aan die begin van die 2de kwartaal.
- Vakke kan na die eerste amptelike eksamen verander word, d.w.s. aan die begin van die 3de kwartaal.
- Dit moet voor 31 Julie van elke jaar plaasvind of op 'n datum soos deur die WKOD bepaal.

#### **Gr. 11**

'n Maksimum van twee vakveranderings word toegelaat. Dit moet voor 28 Februarie plaasvind of op 'n datum soos deur die WKOD bepaal.

Enige volgende vakverandering moet aan die WKOD voorgelê word vir goedkeuring. Die volgende is nodig vir so 'n "laat" verandering:

- Brief van sy/haar ouers
- Afskrif van die laaste rapport
- Skriftelike toestemming van ou en nuwe vakonderwysers
- Verslag van 'n beroepskonsultant/sielkundige wat aandui dat so 'n verandering onontbeerlik is.

## **Gr. 12**

- Enige vakverandering in gr. 12 moet vermy word, tensy dit absoluut noodsaaklik is en in die beste belang van die betrokke leerder is.
- In uitsonderlike gevalle mag 'n leerder een vak in gr. 12 verander, op voorwaarde dat dit elke jaar voor 31 Januarie gedoen word of op 'n datum soos deur die WKOD bepaal.

**LW: Indien 'n leerder van vak verander, moet die leerder ten volle aan die SGA-vereistes (skoolgebaseerde assesseringstake) van die nuwe vak voldoen.**

## **8.6 VAKBELEIDE**

Elke vak in die skool het 'n vakbeleid wat in lyn met die skool se assesseringsbeleid is. Die beleid moet aangepas word as daar departementele veranderinge in die vereistes vir die vak is.

Die volgende raamwerk is in die saamstel van die vakbeleid gebruik:

1. Visie en/of missie
2. Algemene doelstellings
3. Uitkomst
4. Vakorganisasie
  - 4.1 Vakvergaderings
  - 4.2 Konvenorstelsel
  - 4.3 Beplanning en voorbereiding
  - 4.4 Hand- en skryfboeke
  - 4.5 Skriftelike werk
  - 4.6 Akademiese ondersteuningsprogram
5. Afwesigheid van leerders
6. Moderering
7. Intervensie
8. Puntelyste
  - 9.1 Portefeuljes
  - 9.2 Opdragte en take

- 9.3 Toetse
- 9.4 Eksamens
- 9.5 Ander vorme van assessering (bv. ekstra tyd)
10. Departementele uitstappies
11. Ekstra vak leerders
12. Samestelling van punte en/of Assesseringsprogram

## **8.7 OPVOEDERSPORTEFEULJE**

- Voorbeelde van alle SGA-take en die gepaardgaande assesseringsinstrumente wat gebruik is, moet hierin vervat wees.
- Die inhoud van die portefeulje moet ooreenstem met dié van die leerders van die betrokke vak.
- Harde kopieë van alle leerder se punte moet in klasverband in die portefeulje gestoor word.

## **8.8 HUISWERK**

Huiswerk word as 'n integrale deel van 'n leerder se werksetiek gesien. Dit dien as vaslegging en verseker 'n hoë standaard van onderrig. Huiswerk word gekontroleer en 'n leerder wat op 'n gereelde basis versuim om dit te voltooi word op die skool se dissiplinêre stelsel geïnsidenteer. Ouers word deur die graadleier gekontak indien die probleem te groot word.

By Hoërskool Strand word daar voorsiening vir leerders gemaak wat dit moeilik vind om tuis huiswerk te doen. Daar is elke middag vanaf 14:25 – 16:00 'n huiswerkklas waar leerders onder toesig huiswerk voltooi.

Akademie se bystandsklasse word gratis deur die skool aangebied. Dit vind hoofsaaklik op Dinsdae vanaf 14:25 – 15:25 plaas. Wiskunde bied dit ook op ander dae aan.

## **8.9 MONITERING EN REFLEKSIE**

- Vind plaas tydens vakvergaderings
- By personeelvergaderings met volle personeel.

## **8.10 BEWYS VAN LEERDER SE VORDERING**

### **8.10.1 Leerderportefeuljes/bewyse van assessering**

- Leerderportefeuljes word nie meer vereis nie, maar 'n bewys van leerders se assesseringstake moet beskikbaar wees. Elke vak bepaal of 'n leerder 'n portefeulje sal hê of nie.
- Nuwe leerders moet hul portefeuljes/assesseringstake van hul vorige skool saambring.

- Nuwe leerders, wat nie 'n portefeulje/bewyse van take van 'n vorige skool inlewer nie, se SGA-punt sal bestaan uit die punte verwerf in aktiwiteite by die Hoërskool Strand en die punte vir die ander take sal saamgestel word in ooreenstemming met die leerder se rapportpunt.
- Die rapportpunt sal slegs in uitsonderlike gevalle waar die portefeulje nie beskikbaar is nie, gebruik word. Daar moes verskeie pogings aangewend gewees het om die portefeulje te bekom.
- 'n Nuwe leerder wat in kwartaal 1 ingeskryf word en nie bewyse van take kan lewer nie, is verplig om die uitstaande take in te haal.
- Die voorblad, volgorde en inhoud van die portefeulje word deur die betrokke vakopvoeders in ooreenstemming met die vakvoorskrifte bepaal.

### **8.10.2. Leerderprofile**

- Leerderprofile is 'n deurlopende rekord van elke leerder wat bygehou word wat 'n geheelbeeld gee van die leerder en sy vordering en prestasie.
- Leerderprofile word as vertroulike dokumente beskou en so hanteer.
- Dit word deur die voorligter versamel en veilig bewaar.
- Bevorderingskedules word gestoor.
- Nuwe leerders se leerderprofiel word nadat hy by die skool ingeskryf is, by die vorige skool aangevra.

### **8.10.3 Alternatiewe metodes van assessering**

By die Hoërskool Strand word daar vir leerders met leerhindernisse voorsiening gemaak.

Leerders mag aansoek doen vir ekstra tyd. Dit word deur die voorligter hanteer. Sy verseker dat die nodige dokumentasie en verslae verkry word.

Daar is ook leerders wat van 'n voorleser gebruik maak. Die leerder moet self die voorleser betaal en kan tydens toetse en eksamens gebruik word.

## **8.11. AFWESIGHEID**

### **8.11.1 Leerders afwesig van eksamens:**

- Die leerder moet 'n mediese sertifikaat indien.
- Wanneer 'n leerder afwesig is as gevolg van nasionale sportverpligtinge, word amptelike dokumentasie wat dit sal bevestig, vereis.
- Indien 'n leerder sonder magtiging afwesig is, sal 0 as 'n punt aangedui word.
- Indien 'n leerder weens siekte met 'n doktersertifikaat of as gevolg van sportverpligtinge afwesig was, word die leerder op grond van die jaar se assessering bevorder.

- Leerders wat 'n doktersertifikaat kan toon, het die geleentheid om die eksamen in te haal. Dit word deur die diskresie van die onderwyser bepaal en kan net geskied as die leerder 'n ander vraestel skryf. Dus sal die vakonderwyser met 'n ander skool 'n reëlins moet tref.

#### **8.11.2 Leerders afwesig van geskeduleerde toetse:**

- Soos bo.
- Leerders wat 'n doktersertifikaat kan toon of 'n goed gemotiveerde brief van die ouer, het die geleentheid om die toets in te haal. Dit word deur die diskresie van die hoof van akademie bepaal.

#### **8.11.3 Leerders afwesig van ongeskeduleerde klastoets:**

- 'n Ouerbrief ter bevestiging van die afwesigheid word vereis.
- Indien 'n leerder sonder magtiging afwesig is, sal 'n 0 as punt aangedui word.

#### **8.11.4 Leerders afwesig tydens assesseringsopdragte/take/projekte:**

Daar word van leerders verwag om assesseringsopdragte betyds in te lewer. Wanneer leerders weens geldige, praktiese omstandighede nie in staat is om 'n opdrag betyds in te lewer nie, moet reëlins VOORAF met die betrokke opvoeder getref word of nadat die leerder terug by die skool is.

By **versuim** hiervan, is die prosedure as volg:

- Die ouers sal onmiddellik per telefoon of SMS of brief ingelig word;
- Indien die opdrag binne 3 dae vanaf die geskeduleerde tyd ingelewer word, sal dit nagesien word, maar die behaalde punt sal met 20% verminder word. [bv. 'n punt van 60/100 vir die projek word verminder na 48] Dit is die leerder se verantwoordelikheid om die opdrag binne drie dae by die betrokke onderwyser in te lewer al het hy/sy nie klas in die drie dae nie.
- As die leerder sonder 'n goeie rede afwesig is op die datum waarop die taak ingelewer moet word of terwyl die taak in die klas voltooi moes word en dit na die bogenoemde drie dae inlewer, verbeur hy/sy 50% van die behaalde punt.
- Indien 'n leerder nie al die SGA-take voltooi het voor die einde van elke kwartaal/eksamen nie, mag hy of sy dit nog op die eerste Vrydag van die eerste week van die volgende kwartaal inlewer. Die leerder sal egter 50% van sy/haar behaalde punt verbeur.
- Ouers moet ingelig word indien daar as gevolg van bogenoemde enige veranderinge in kwartaalpunten is.
- Die WKOD vereis dat 'n leerder alle assesseringstake voltooi alvorens hy/sy 'n verslag oor die kwartaal se vordering kan ontvang.

NB: Onderwysers sal rekord hou van alle kommunikasie (as bewys) met ouers.

### 8.11.5 Leerders afwesig tydens praktiese assesseringstake (PAT):

Daar word van alle vakke wat oor 'n praktiese komponent beskik, vereis om PAT's te voltooi. Die taak word oor meer as een kwartaal versprei en word in die derde kwartaal afgehandel.

Die taak vorm 25% van die November-rapportpunt. Indien 'n gr. 12-leerder nie die taak voltooi nie, ontvang hy/sy 'n onvoltooid op sy/haar uitslagadvies wat beteken hy/sy het nie gr.12 geslaag nie. Gr. 10- en 11-leerders wat nie die taak voltooi nie, kan nie bevorder word alvorens die taak voltooi is nie.

Ouers moet aan die begin van 'n jaar ingelig word oor die belangrikheid van die taak en daar moet gemeld word watter prosedure gevolg sal word as die leerder afwesig is. 'n Groot deel van die taak word in gewone klasperiodes voltooi, maar soms word daar ook van 'n leerder vereis om by die huis te werk.

Die volgende prosedure moet gevolg word indien 'n leerder vir 'n deel of vir die hele taak afwesig is:

- Kontak die ouer.
- Stel 'n sperdatum vas nadat met die leerder en ouer ooreengekom is.
- Verplig die leerder om die taak gedurende pouses of na skool te voltooi.
- Voltooi 'n insidenteringsvorm.

### 8.11.6 Berekening van punt ingeval van afwesigheid

Die volgende formule word gebruik:

- a. Gebruik die leerder se laaste punt van 'n vergelykbare taak/toets
- b. Deel deur die klasgemiddeld vir daardie aktiwiteit
- c. Vermenigvuldig met die klasgemiddeld van die huidige aktiwiteit wat leerder nie voltooi het nie

$$\text{Vb: } \frac{\text{Vorige vergelykbare punt}}{\text{Klasgemiddeld}} \times \text{Klasgemiddeld van taak nie voltooi} \\ = \text{Geskatte punt}$$

### 8.11.7 Afwesigheid van leerder tydens November-eksamen

Afwesige leerders moet per vak met 'n "a" op die puntestate wat na die rekenaar gaan aangedui word. Hierdie leerders sal gemaakte punte ontvang wat tydens die interne promosievergadering bespreek en gebruik sal word. Alle mediese sertifikate en/of verskoningsbriewe moet deur die



betrokke sameroeper versamel en bewaar word vir hierdie vergadering, asook vir die vergadering met die kringbestuurder.

Die leerder sal die Junie-eksamenpunt ontvang indien hy/sy die hele vak (alle vraestelle) nie geskryf het nie, anders geld die formule by 8.11.6.

## **8.12 EGTHEID VAN WERK**

Dit is belangrik dat die leerders die assesseringstake self voltooi. Waar die vermoede bestaan dat die werk nie die van die leerder is nie, kan die taak of aktiwiteit onder toesig van die opvoeder oorgedoen word.

## **8.13 INTERVENSIE EN ONDERSTEUNING**

Intervensie is die proses om beperkings/probleme wat sekere leerders in die uitvoering van uitkomst ondervind, te identifiseer. 'n Leerder wat nie kan bewys dat die uitkomst in 'n graad bereik is nie, kan slegs teruggehou word as daar genoegsame bewyse van intervensieplanne beskikbaar is.

- Vakonderwysers, vakhoofde en graadleiers identifiseer deurlopend leerders wat hulp benodig.
- Tydens leerderondersteunerspan-vergaderings (graadleiers en onderwysers per graad), word leerders wat hulp benodig – soos aangemeld deur enige opvoeder wat sodanige leerder onderrig – bespreek. 'n Strategie om sodanige leerder te help, word dan bespreek.
- In kwartale 2 en 3 word ouer-onderwyservergaderings gehou. Ouers word aangemoedig om afsprake met hul kinders se opvoeders te maak.
- Indien daar na die Junie-eksamen gevoel word dat 'n leerder gevaar loop om te druipe, word die ouers deur die graadleier hiervan in kennis gestel en sal daar verder remediërend opgetree word in samewerking met die skool se voorligter.
- Rekordhouding van intervensie is die vakonderwyser en graadleier se verantwoordelikheid.
- Onvoltooide/oningelewerde stukke sal gestaaf word met 'n toepaslike vorm wat deur die opvoeder, leerder en ouer/graadleier onderteken word.

## **8.14 INTERNE MODERERING, KONTROLERING EN VERIFIËRING**

Die doel van moderering is:

- om te bepaal of assessering regverdig, geldig, betroubaar, konsekwent en prakties is;
- om te bepaal of leerders in verskillende klasse in dieselfde vak dieselfde geassesseer word;
- om die egtheid van leerders se werk te bevestig;
- om te bepaal of assesseringstake herontwerp of -saamgestel moet word;
- om appélprosedure vir leerders te skep wat ongelukkig is oor assessering;
- om die standaard van assessors te bepaal;

- om die nodige ondersteuning, advies en leiding aan assessors te verskaf.

Elke vak bepaal sy eie interne modereringsriglyne. 'n Minimum van 10% van assesseringstake moet egter gemodereer word. Die datum vir die voltooiing van die proses is vir alle vakke dieselfde. Dit moet voltooi wees alvorens die finale punt, soos dit op die rapport of verslag sal verskyn, op CEMIS opgeteken word.

Kontrolering is die proses waar elke taak se punte opgetel word nadat dit nagesien is om te verseker dat die opvoeder geen foute gemaak het nie. In kwartale 1 en 3 word dit deur die leerder self gedoen omdat daar tyd is om al die assesseringstake uit te deel en die leerder die geleentheid het om te kontroleer of die punte reg opgetel is. In kwartale 2 en 4 word die proses deur kollegas voltooi.

Verifiëring is die proses waar die oordra van punte na puntelyste geverifieer word. Elke opvoeder gee 10 portefeuljes aan 'n kollega met 'n volledige puntelyst. Die verwerking van punte, gewigte en oordra van punte uit die portefeulje word dan gekontroleer.

Bewyse van moderering, kontrolering en verifiëring moet aan die einde van elke kwartaal aan die vakhoof gegee word.

### 8.15 RAPPORTERING

- Rapport/verslae sal in al 4 kwartale aan ouers gestuur word. 'n Punt uit 100 word vir elk van die vakke gebruik.
- Die finale vorderingsrapport sal volgens departementele voorskrifte wees in ooreenstemming met die WKOD-bevorderingsvereistes.

#### Kodes en beskrywings vir rekordhouding en rapportering in grade 8-12:

PRESTASIEVLAK	PRESTASIEBESKRYWING	PUNTE %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

## **8.16 PUNTELYSTE**

- 'n Kopie van die voorgeskrewe departementele puntelys of die puntelys in die voorgeskrewe formaat moet beskikbaar wees. Dit kan ook elektronies gestoor word.
- Gesamentlike SGA-puntelyste moet aan die einde van elke kwartaal aan die hoof van akademie gegee word wat dit na die OBOS sal versprei.

